# OPLEIDING IN SAMEWERKING

**Deur**

**T. J. HAARHOFF**

**(Prof. van Klassika aan die Universiteit van die Witwatersrand.)**

AS ons 'n verenigde Suid-Afrika tot stand wil bring, dan is dit aan die vraagstuk van die kind dat ons steeds toenemende aandag sal moet bestee. Wat ons kinders vandag geleer word, sal *hul* kinders môre doen. Ons weet maar te goed hoe onstandvastig ons beskawing is: 'n blote kors oor die vuur en beroering van primitiewe, vulkaniese geweld. Daardie kors is opgebou met eindelose inspanning en talle van terugslae. 'n Kortstondige aanval, gerugsteun deur die misleidende slagspreuke van nasionale of groepe-belange, is al wat nodig is om die bouwerk in duie te laat stort. Dit het gebeur onder die kinders in Nazi-Duitsland, en, in mindere mate, in Fascistiese Italië. Die reperkussies van daardie aanval is ook in ons eie skole waargeneem.

### "Onbekend Maak Onbemind"

Ek dink nie soseer aan die infiltrasie van spesifieke Nazi-leerstellings nie, maar eerder aan die onregstreekse invloed wat hulle uitgeoefen het. Hulle het die houding tussen die rasse verskerp en die kinders geleer om op 'n rasse-grondslag te dink. Ons moet die skuld hiervoor aanvaar. Ons dwing die rasse in afsonderlike skole saam. Dit, op sigself, is 'n kardinale flater, want dit beteken dat die kinders van die blanke rasse geen kans kry om mekaar te leer ken in die vormende tydperk van hul ontwikkeling juis wanneer hulle hierdie soort kontak broodnodig het nie. In plaas van mekaar te leer ken, word hul koppe volgeprop met abstrakte veralgemenings oor mekaar. „Die Engelse is sus en so." *„Die Afrikaners is sus en so." Dit, selfs sonder die* gebruiklike beledigende byname, is nooit die waarheid nie. As ons mense leer ken, en saam met hulle 'n taak aanpak, dan verdwyn die veralgemenings, sowel as baie van ons vooroordele teen 'n onbekende groep. „Onbekend maak onbemind" is vandag nog net so waar as wat dit altyd was.

### Bring die Kinders Bymekaar

Hier, dan, is iets om na te streef: om ons kinders in die vormende tydperk van hulle lewe binne en buite die skool bymekaar te bring, en om die vriendskapsbande tussen hulle nouer aan te haal. Kan ons eerlik sê dat ons in hierdie opsig alles in ons vermoë doen? Wys ons ons kinders op die verskil tussen valse veralgemenings en juiste veralgemenings? Die beste leermeester in hierdie verband is ondervinding en samewerking.

Ons huidige skoolstelsel gee die kinders van die twee rasse geen kans om mekaar te leer ken nie. Hieroor kan daar nie die minste twyfel bestaan nie. Trouens, net die teenoorgestelde is die geval. Die statistieke bewys dit. Oor die algemeen dink ons kinders aan albei kante steeds meer en meer uit 'n rasse-oogpunt. En daar is ook 'n ander soort onkunde wat vervreemding in die hand werk — onkunde van die tweede landstaal. Betrag die verslae van inspekteurs, praat met die Staatsdiens-eksaminatore, lees die verslag in verband met die taalposisie in ons opvoedkundige inrigtings wat onlangs deur die Regering uitgereik is — en u sal besef dat daar nog baie werk is wat gedoen moet word.

### Die Dubbelmedium Stelsel

Daar is reeds ten oorvloede bewys dat ons nooit tweetaligheid sal kry tensy die tweede taal as 'n *instrument gebruik word,* en nie bloot as 'n vak aangeleer word nie. Die oplossing is die dubbelmedium-stelsel — d.w.s., moedertaal in die primêre skool; en, in die hoërskool, sommige vakke in Engels en sommige in Afrikaans vir *alle* leerlinge. *Nie* opleiding in afsonderlike klaskamers en in afsonderlike media nie — dit is *parallel-medium.* Hierdie veranderings kan egter nie skielik teweeggebring word nie. Wat ons vandag nodig het, is die geleidelike herlewing van die stelsel wat in die Vrystaat deur genl. Hertzog en in die Transvaal deur genl. Smuts ingevoer is. Daardie stelsel wat net in die Afrikaanssprekende distrikte voortleef, is deur die Engelssprekendes aangeval. Vandag sien baie van hulle die nut daarvan in, en, nie alleen in woord nie maar ook in daad, verleen hulle aktiewe steun daaraan. Dis reg dat hulle die eerste stap moet doen en die hervormingsbeweging moet aanvoer, en dis 'n goeie plan om private skole te stig om ondervinding oor hierdie onderwerp in te win.

Intussen sal organisasie ons niks baat as die gees nie reg is nie.

Die ideaal van samewerking sal nie sommer deur verloop van tyd regkom nie. Ons moet bereid wees om die hand uit die mou te steek. Daar is skeppende werk om te doen: die skep van die volledige Suid-Afrikaanse burger, tuis in albei kulture. Toe 'n skryfster my eendag vra: „Wat wil julle dan nog vir Afrikaans hê?" het ek gesê: „Jou belangstelling." Dis nie net 'n kwessie van regte nie, maar van erkenning en geestelike deelname; vir ons is daar die Engelse werk in Suid-Afrika met sy agtergrond in Engeland; vir hulle is daar Afrikaans, met sy agtergrond in Holland.

### Die Enigste Weg

Hierdie samewerking, met volle erkenning van indiwiduele karakter, bly, ten spyte van al ons moeilikhede op allerlei gebied, ten spyte van terugslae, die enigste vrugbare weg vir die toekoms. Isolasie beteken verarming.

Dit is 'n weg van opvoedkundige belang. Ons moet met die kinders begin. Ek sou graag 'n soort van geloofsbelydenis aan die hand wil gee wat mense van albei groepe kon aanvaar:

1. In die geloof dat die Engelse en Afrikaanse groepe bestem is om 'n harmoniese volk in Suid-Afrika te bou, elk deur die medium van sy eie taal, verbind ek my om in gedagte en in daad trou te wees aan Suid-Afrika as geheel.

2. In die geloof dat die twee Europese hoofgroepe elk 'n bydrae het om te maak, verbind ek my om die taal en tradisie van die ander groep te bevorder, terwyl ek my eie opbou.

3. Ek verbind my om menslik en regverdig te wees teenoor die Bantoe- en kleurling-groepe en hulle nie in hul regmatige ontwikkeling te hinder nie; om hulle te leer verstaan en hul talente vir die goed van Suid-Afrika te ontwikkel.

4. Ek verbind my aan Suid-Afrika eerste, maar nie alleen nie; want ek glo dat ware getrouheid aan die kultuur en tradisie van Suid-Afrika ook getrouheid aan die ware Europese tradisie van beskawing insluit; sowel as 'n gevoel vir die uiteindelike en fundamentele eenheid van die mens.

Hierby sou ek die volgende beloftes voeg; hulle sluit mekaar nie noodwendig uit nie.

5. Ek sal afbrekende rasse-generalisasies vermy.

6. Ek sal alle woorde of dade wat ander groepe in Suid-Afrika verkleineer of seermaak, vermy.

7. Deur vriende te maak in 'n ander groep, hul gedagte te deel en hul taal te praat, sal ek trag om hulle steeds beter te begryp en om misverstand uit die weg te ruim.

8. Ek sal positief in my houding wees teenoor ander groepe en rasse, en nie negatief nie. Ek sal geen propaganda of teorieë omtrent hulle glo voordat ek hulle as persone leer ken het nie. Ek sal die positiewe hoedanighede wat behulpsaam en skeppend is, naspoor, en die negatiewe hoedanighede van vrees en agterdog vermy.

9. Ek sal probeer om bekend te maak wat goed is in mense van 'n ander groep. Ek sal eerlik wees in bespreking met hulle en nie griewe ophoop nie.

10. As ek dinge in hulle vind wat sleg is, sal ek myself ondersoek om te sien in hoeverre ek skuld daaraan het of hulp kan verleen.

11. Wetende dat geweld in woord of daad 'n terugslag bring na enige tydelike voordeel wat dit mag verkry, verbind ek my om die weg van bekering te probeer met my teenstander; en dit beteken om in staat te wees om sy saak net so goed voor te stel as hyself.

12. Ek sal geduldig wees om my oorerflike sentiment te verklaar aan diegene wat dit moeilik vind om te verstaan en sal trag om die geskiedenis en omstandighede te verstaan waardeur ander mense 'n sentiment opgebou het wat vir my vreemd mag wees.

---

# BOOK REVIEW

## THE BLACK SASH: SOUTH AFRICA'S FIGHT FOR DEMOCRACY

*(This review appeared in the May issue of the International Women's News, the official organ of the International Alliance of Women.)*

THIS book by Mirabel Rogers is a straightforward, detailed account of a woman's movement unique in character. In many lands women have banded themselves together to gain education, fight poverty and disease, rescue children and fight the double moral standard which degrades men and enslaves women. But in South Africa a vast movement of women sprang spontaneously into being as a moral protest against the unscrupulous act of destroying a constitution and disowning the pledged word of honour!

Today we are only too familiar with the fact that treaties freely consented between countries are disowned at the whim of a dictator. But in South Africa the government broke the most solemn pledge to its own people. After the Boer War, the provinces of the Cape Colony, Natal, Transvaal and Orange River Colony decided to form a South African Union. The constitution agreed to by the leaders of the several provinces was sent for formal approval to the British Government.

It was a generous gesture to allow a defeated enemy complete power to settle their own constitutional future. But, because it was dealing with a multiracial society, it was laid down that two so-called "entrenched clauses" guaranteeing freedom to certain sections could only be altered by a two-thirds majority of a joint session of the Upper and Lower Houses of Parliament. Unable to obtain such a majority, the Nationalist Party created enough new senators to produce the necessary two-thirds majority. After repeated attacks on civil liberties this last blow found the men stunned and apathetic. Not so the women. Six women determined to resist so that their children should not live in a police state. From that tea-shop meeting a nation-wide movement was born: Afrikaans-speaking and English-speaking women, women of all political parties and of all religious beliefs ranged themselves together in defence of the honour of their country and the sanctity of the pledged word.

With complete devotion and dignity, women stood in silent mourning with bowed heads and black sashes round the Parliament House. Ministers met this living reproach wherever they went—in parliament and at functions, at their offices, their departures and arrivals at airports and stations. Wherever they moved the conscience of the nation confronted them.

This book, packed with dramatic pictures, stresses again and again the simple moral issue.

It is clear that "the Black Sashes" are for the most part young married women, housewives, mothers of young children, of school children, who had never thought of politics. Women can sympathise with the complicated organisation required before "mother" can leave home to picket by day and often through the night, to travel long distances, to sit for hours at tables where the hundreds and thousands of signatures were obtained. It is a unique instance of women standing together to defend moral integrity and constitutionally enfranchised human rights.